**SKRIFLESING:** 1 Korintiërs 12
**TEMA:** Ons is een liggaam met unieke en onmisbare lede.

Ons leef in 'n wêreld waar mense hul dikwels met mekaar vergelyk. Dit gebeur ook in die kerk.

Ons kyk na 'n ander en dink: "Ek is nie so belangrik of begaafd soos hy of sy nie." Hulle het my nie nodig nie. En dan verdwyn ek in die skare.

Ander dink dat hulle belangriker is as die res. Paulus skryf aan die gemeente in Korinte, wat bekend was vir verdeeldheid. Hulle het hulle dominees, Paulus, Apollos en Sefas, teen mekaar afgespeel. Ander weer het gesê dat hulle beter is as almal, want hulle spreek in tale.

Paulus herinner hulle dat die gemeente soos 'n liggaam is. Ons het 'n ryke verskeidenheid gawes wat van mekaar verskil, maar ons het mekaar in een liggaam nodig.
Ons lees in 1 Korintiërs 12:12: "Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus."

**Ons almal is deel van die liggaam van Christus.**
Mense is belangrik, want die kerk is mense. Maar die fokus mag nie in die eerste plek op enige mens val nie.

Daan gaan in die kerk oor Christus. Hy is ons Hoof.

In Kolossense 3:11 lees ons in die Boodskap vertaling:
"Dit maak nie vir die God saak of iemand nog altyd 'n kerklidmaat was en of hy eers laat in sy lewe 'n Christen geword het nie. Hy vra nie of iemand kan lees of skryf of waar hy vandaan kom nie. Nog minder vra Hy hoe belangrik iemand in die gemeenskap is en of hy 'n goeie werk het of nie. Al wat God vra, is of Christus in iemand se lewe is.  Want al wat regtig in die lewe tel, is net Christus."

Dit is juis waarom ons gawes ontvang het. Om op Christus te fokus en te getuig dat Christus die Here is. Elkeen het 'n gawe om Christus te dien. Om Christus te dien, beteken ook dat ons mekaar sal dien en opbou binne die liggaam van Christus.

**Ons ontvang ons gawes van die Heilige Gees.**
Nie een van ons kan roem dat ons gawe van onsself kom nie. Elke gawe is deur die Heilige Gees as geskenk aan ons gegee.

Ons lees in 1 Korintiërs 12:7: "Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal."

Die gawes waarvan ons hier lees, is nie die enigste gawes wat daar is nie. Ons lees van ander gawes in Romeine 12, Efesiërs 4 en 1 Petrus 4.

Ek het die gawes so bietjie probeer organiseer, terwyl ek weet dat ons versigtig moet wees om gawes te skei. Iets van die gawes is deel van almal se geloof. Maar elkeen van ons het ‘n spesifieke gawe of gawes waarmee jy beter toegerus is vir jou Goddelike taak as iemand wat weer ‘n ander gawe of gawes het.
Ek sien in die gelese gedeel gawes van die kop, hart, hande ,voete en mond. Hier is my poging om die gawes in te deel:

**Kop (verstand)**
- Goeie raad
- Goeie onderwysers
- Goed organiseer om bv dinge vlot te laat verloop in die gemeente
- Onderskei wanneer die Gees van God deur iemand werk en praat en wanneer dit ‘n vals gees is

**Hart (geloof)**
- Blindelings glo
- Hartlikheid

**Hande/voete (doeners)**
- Ander help - dien
- Gesond maak
- Wonders doen

**Mond**
- Moed inpraat
- God se boodskap goed en duidelik verkondig
- Spesiale tale gebruik met iemand anders om dit uit te lê

God maak my en jou deel van Kraggakamma gemeente. Hy gee aan elkeen van ons ‘n gawe of gawes soos Hy wil. Daar is in die gemeente nie iemand wat jou plek kan vul of jou werk kan doen nie.

Die oog kan nie vir die hand sê: “Ek het jou nie nodig nie.” En die kop kan nie vir voete sê: “Ek het julle nie nodig nie.” Oë, ore, neuse, hande en voete het elkeen ‘n unieke plek en doel.

Ons het mekaar nodig. Sogenaamde klein goedjies soos die rumatiek in jou kleintoontjie of jou vinger wat jy in die deur vasgeslaan, maak dat die hele liggaam nie reg werk nie. Die een is nie meer of minder belangrik as die ander nie.

Wanneer jy ‘n kind van die Here en deel van die gemeente is en jy dien nie iewers uit dankbaarheid met jou gawe nie, is jy aan die Here ongehoorsaam. Dan is sy liggaam gebreklik en kan die gemeente nie funksioneer soos dit moet nie.

**Afsluiting**
Moenie jouself verhef of verlaag nie. Jou gawe is nie meer of minder belangrik as enige iemand anders s’n nie.

Die Here gee, deur die Heilige Gees , ‘n gawe of gawes aan elkeen van ons. Hy maak my en jou deel van sy een liggaam waar elkeen van ons die Here en mekaar dien met ons eie unieke gawe of gawes.
Amen